Saterdag **12 Oktober**

**Skrifgedeelte: Deuteronomium 6:1-9**

**Fokusgedeelte: Deuteronomium 6:5 (AFR53)**

**Ons moet die Here liefhê vir sy Wet wat Hy vir ons gegee het**

Die Wet dien as ’n spieël vir gelowiges (Rom. 3:19-20). Die Heilige Gees werk in ons om ons lewe teen die Wet op te meet. Tog om die Wet week in en week uit te hoor, kan ons moedeloos laat, want ons weet ons kan dit nie alles onderhou nie.

Maar dan volg die bekende woorde van Deuteronomium 6, en die troos wat daarin opgesluit lê vir ons. Net na die Here weer die Wet gegee het aan die volk in Deuteronomium 5, gee Hy vir ons die beginsel hoe om die Wet, al die gebooie te onderhou. En dit is die liefde!

Die opdrag is eenvoudig: Hou die gebooie/insettinge van die Here, al jou dae. Nie net jy nie, maar jou kinders, en hulle kinders na hulle. Die volk is op pad om die beloofde land in te neem (wat oorloop van melk en heuning, vs 3). Vir hierdie land het hulle dan ’n wet gekry waarvolgens hulle elke dag moet lewe. Die Here het hulle verlos uit Egipte – hulle is nie meer slawe nie, Hy lei hulle deur die woestyn en versorg hulle.

Alles trek saam in vers 5, met die oproep vir ons elkeen vandag steeds: “Daarom moet jy die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met al jou krag.”

Vir ons as gelowiges in Christus verander hierdie opdrag nie. Christus gee die opsomming van die Wet in Matteus 22:37-40, waar Hy meld dat liefde, in die eerste plek vir die Here, en dan vir jou naaste die hele Wet saamvat. Daarom, as ons die Wet hoor, moet ons elke keer dink wat Hy vir ons gedoen het.

*Sing: Psalm 18-1:1*

*Ds. ID (ID) Nagel (Uitschot)*